

Christus het gekom om ons uit ons goeie bedoelings met God te red.

ds. PJ Kriel

Preekreeks oor bedoelings en deugdes 01

25.03.2018

Inhoud Hierdie preek wys dat die opvatting dat mense met goeie bedoelings sukkel met God se wet, omdat God se wet so moeilik sou wees om te gehoorsaam, is 'n waanbeeld. Om God se wet te gehoorsaam is makliker as om in sonde te leef. Wat God se wet moeilik maak, is mense se verdraaide opvattinge, hulle verdraaiing van God se bedoeling met hulle as mense. Afgodsdien is om die bedoeling van God met mense om te draai. God maak mense om aan Hom te behoort, Hom te dien, te wees soos wat Hy hulle as mense gemaak het om mens te wees, en met Hom in sy liefde te leef. Afgodsdien verdraai hierdie bedoeling van God sodat mense maak dat God aan hulle behoort, God hulle begeertes dien en hulle God in hulle lewe uitbeeld soos hulle God wil laat wees. Hierdie verdraaide bedoeling met God is minagting vir God. Mense hou hulle minagting vir God voor as hulle goeie bedoelings met God. Christus het gekom om mense te verlos van hulle sondige geaardheid om God se bedoelings te verdraai asof dit hulle goeie bedoelings met God is.

Liturgie 1. Ps.16 Tweede melodie 1, 2, 3. Evangelielesing Hebreërs 2: 10 – 18; 2. Lied 381 2,3. Wetslesing Exodus 20. 3. Ps. 119 verse 7, 8, 9. 4. Lied 292 1, 2.

Skriflesing Jesaja 44: 1-5; 9-22; Deuteronomium 30: 11 – 14; 2 Kor. 4: 3 – 6.

Teks Jes. 44: 20 “Iemand wat hom met as besig hou, laat homself mislei deur sy eie verdraaide opvattinge. Hy kan homself nie red nie, hy vra homself nie af: “Is dit nie 'n leuen waarmee ek my besig hou nie.”

Tema: Christus het gekom om ons uit ons goeie bedoelings met God te red.

1. Ons bedoel dit nie so nie! Ons het dit nie so bedoel nie!

Dit is wat mense vir hulle self en vir ander sê wanneer hulle teen God en mense sonde doen en die wet van God oortree. En hulle glo dit! Hulle glo dat hulle die wet van die Here oortree, sonde doen, sonder dat hulle werklik die kwaad en boosheid van sonde bedoel.

Mense oortree die wet van God en maak mekaar seer met goeie bedoelings!

As dit werklik so sou wees, hoekom sukkel ons dan so om die gebooie van God te onderhou? Ons bedoel goed, maar sukkel om die gebooie van God te gehoorsaam! Met al ons goeie bedoelings, sukkel ons met die Here se wet en oortree ons die Here se wet!

So wat is dan die probleem?

Christus het gekom om ons uit ons goeie bedoelings met God te red.

Met hierdie tipe geloof, ons sondig met goeie bedoelings, glo mense dat die probleem is God se wet. God se wet is te moeilik vir gewone mense wat met goeie bedoelings lewe.

2. Is dit waar?

Wat is die maklikste manier om te leef, om God se gebooie te gehoorsaam of God se gebooie te nie te gehoorsaam nie. Kom ons toets dit! Watter lewe is die maklikste, om vir jou geld te werk en te betaal vir wat jy nodig het of om te steel om te kry wat jy begeer?

Die maklikste lewenswyse is om te werk vir die geld waarmee jy betaal vir wat jy nodig het. Dit is 'n stresvrye lewe. Jy het baie bekommernis oor die werk en hoe jy vir alles moet betaal, maar dit het glad nie die druktespanning waarmee jy leef wanneer jy steel nie. Jy hoef nie voor te gee dat jy nie 'n dief is nie, weg te kruip vir wat jy gedoen het nie of te wonder wanneer gaan jy uitgevang word nie.

Dit geld vir getrouheid aan mekaar in liefde binne die huwelik ook. Dit is 'n baie makliker lewenswyse om getrou te wees as om ontrou te wees, moeilik maar stresvry. Dit geld vir elke gebod van die Here. Die gebooie is maklikste manier waarop 'n mens kan leef.

Verder is die gebooie ook nie moeilik om te begryp, te onthou en te ken nie. Die Here maak sy gebooie aan elke mens op so 'n wyse elke oomblik bekend dat elke mens op aarde presies weet wat is reg en verkeerd. Daarom sê die Here in Deuteronomium 30: 11 en 12: "Die gebod wat ek jou vandag beveel is nie te moeilik nie. Dit is ook nie buite jou bereik nie." Jy hoef geen buitengewone ervaring met God te hê nie om presies te weet wat reg en verkeerd is, en wat is die maklikste wyse om op te leef in God se skepping nie. Daarom stel die Here: Die gebod is baie naby aan jou, jy kan daaroor praat, jy ken dit jy kan daarvolgens lewe."

3. So! Die opvatting dat ons die wet van God oortree omdat dit te moeilik is vir gewone mense met goeie bedoelings, is gewoon net 'n wanopvatting. Dit is verkeerd!

Wat maak dat ons die wet van God oortree en nie volgens die liefde van God se wet wil of kan leef nie, is iets anders. In Jesaja 44 vers 20 word dit genoem: "verdraaide opvattings." Hierdie verdraaide opvatting is die krag wat maak dat mense sonde doen, en terwyl hulle sonde doen hulle vir self nie die vraag kan afvra nie: "Is dit nie 'n leuen waarmee ek besig is nie?"

Verdraaide opvatting is verdraaide bedoelings. Dit is slegte bedoelings wat geglo word as goeie bedoelings. Dit is hierdie verdraaide bedoelings van mense wat maak dat hulle glo hulle oortree die wet van God met goeie bedoelings, omdat die te moeilik is om te onderhou.

Christus het gekom om ons uit ons goeie bedoelings met God te red.

Die woord in die Bybel wat gebruik word vir hoe God mense bedoel het om mense te wees – is die uitdrukking “beeld van God.” Dit sien ons byvoorbeeld in die sin wat ons in 2 Korintiërs 4 gelees het: “Dit is die evangelie van die heerlijkheid van Christus, wat die beeld van God is.” Hierdie sin beteken nie dat Jesus as mens ’n uitbeelding van God of God se goddelikheid is nie. Om ’n afbeelding van God en God se goddelikheid te maak is hoe mense afgode maak. Jesus is nie ’n afbeelding van God of ’n uitbeelding van God nie. Sou dit so wees, is Jesus niks anders as et nog ’n afgod nie. Jesus is die mens soos God die mens gemaak en bedoel het ons mens te wees: heilig en reg in liefde volgens God se wet.

Dit is die heerlijkheid van Christus: Hy is mens soos God mense bedoel het om mens te wees: heilig en reg in liefde. Dit is nie sommer maar net my eie interpretasie van wat beeld van God beteken nie. Dit is hoe die hele Gereformeerde geloof dit bely in die Heidelbergse Kategismus: “Het God die mens dan so sondig en verkeerd geskep? Antw. Nee, God het die mens goed en na sy ewebeeld geskep Dit beteken: in ware geregtigheid en heiligheid, sodat hy sy Skepper reg kon ken, Hom van harte kon liefhê en saam met Hom in die ewige saligheid kon lewe om Hom te loof en te prys.” (Heidelbergse Kategismus Sondag 3 vraag en antwoord 6)

Ons is God se beeld: dit is ons regte bedoeling soos God ons mens gemaak het!

4. Jesaja 44 is seker die belangrikste Bybelgedeelte wat wys wat is die regte bedoeling waarmee mense moet leef. Paulus haal Jesaja 44 direk aan in sy verduideliking in Romeine 1 oor wat is en hoe werk verdraaide opvattinge, dit is, verdraaide bedoelings! Die blindheid van sonde in feitlik elke boek van die Nuwe Testament kom weer terug na die inhoud van Jesaja 44.

Die verskil tussen God se bedoeling met ons teenoor mense se bedoeling met God, klink so: maak God ons soos Hy bedoel mense moet wees of maak ons God soos God bedoel is om God te wees?

Wie maak vir wie om bedoel te wees soos jy gemaak is: God vir mense of mense vir God?

Jesaja begin en eindig met die openbaring, God maak mense soos Hy mense bedoel het om mens te wees! Dit is 44: 1- 6 en 44: 21.

Hoe God ons gemaak het om mens te wees word in die kort geloofsbelydenis saamgevat: Die een sal sê: Ek behoort aan die Here,” en homself ’n nakomeling van Jakob noem; die ander sal op sy hand skryf: Die Here S’n en homself ’n lid van die volk Israel noem.” 44:5. Dit is hoekom ons hele geloof in die Heid. Kat. se eerste sin so opgesom word: “Wat is jou enigste troos in lewe en in sterwe? Dat ek met

Christus het gekom om ons uit ons goeie bedoelings met God te red.

liggaam en siel in lewe en sterwe nie aan myself nie, maar aan my getroue Verlosser, Jesus Christus behoort.”

Bedoel om te behoort! Bedoel om as mens met liggaam en siel aan die Here te behoort: Ek is Syne!

5. Dit is hoe ons beeld van God is, bedoel is om te wees soos mense gemaak is om te wees. Jesaja 44 wys dit punt vir punt uit:

- Hy is die Here wat my gemaak het om mens te wees, soos Hy bedoel mense moet wees: “So sê die Here wat jou gemaak het, Hy wat jou in die moederskoot gevorm het.” 44:2 en “Ek het jou gemaak” 44: 21.
- Hy het ons gemaak om as mense diensbaar aan Hom as God te wees. “My dienaar Jakob” 44: 1 en want jy is my dienaar; Ek het jou gemaak, jy is My dienaar” 44:21
- Hy laat ons wees soos Hy ons wil laat lyk: mense wat volkome en regtig kan liefhê soos mense bedoel is om lief te hê: om God met hulle menslike hart, siel en verstand en mense soos hulle self, met hulle menslike hart, siel en verstand lief te hê. “So sê die Here wat jou gemaak het, Hy wat jou gevorm het.” 44: 2
- Hy versorg ons in sy liefde as God sodat as mense ons ten volle vergenoegd kan leef in sy liefde. “Hy giet sy Gees en seën oor ons uit” 44: 3.
- Hy kies ons in sy liefde uit om in sy liefde as God te leef. 44: 1
- Daarom is die volle bedoeling van menswees dat ons aan die Here behoort en aan Hom en sy liefde wil toebehoort. 44: 5.

6. Om beeld van God te wees, beteken om te wees soos God ons gemaak het en bedoel het om mens te wees, en dit is om as mense aan God in sy liefde te behoort.

Wat is verdraaide opvattinge?

Dit beskryf Jesaja in die gedeelte tussen die twee geloofsbelydenisse dat ons aan die Here behoort en die dienaar van die Here is, in verse 9 tot 17. Verdraaide opvattinge is verdraaide bedoelings!

Kyk hoe verdraai mense God se bedoeling vir hulle hoe om mense te wees vir God! Hulle maak van God afgode! Van yster uit die grond wat God gemaak het, maak hulle gode om te aanbid! Van bome wat God deur die reën laat groei het, maak mense gode!

Christus het gekom om ons uit ons goeie bedoelings met God te red.

Ons moet nooit dink afgodsdien is om van God beeldjies te maak nie. Die beeldjies wat mense maak wys maar net wat maak hulle met die bedoeling van God.

- Hulle maak God die god wat aan hulle behoort,
- Hulle maak God soos hulle Hom wil laat lyk,
- Hulle maak God sodat hulle God kan versorg en oppas in hulle tempels,
- Hulle maak God die god wat hulle begeertes dien,
- Hulle maak God die god wat hulle kies om te wil hê.

Afgodsdien is mense wat God se bedoeling met mense so verdraai dat wat God vir mense bedoel het hoe om mens te wees, mense God se bedoeling in hulle lewe maak. Hulle verdraai God se bedoeling met mense om mense se bedoeling met God te word: ons maak Hom soos ons Hom wil sien, ons sorg vir Hom, ons kies Hom, Hy behoort aan ons en ons gebruik Hom vir ons begeertes.

7. Die swakheid en nutteloosheid van hierdie gode, maak nie dat mense ophou om die beeld van God te verdraai nie. Dit is juis hoe hulle God in hulle lewe wil hê: kragteloos en nutteloos!

Dit is net soos met ons vorige president. Hy het mense juis aangestel omdat hulle kragteloos en nutteloos te laat wees sodat hy alles kan kaap en gebruik sonder enige teenkanting. Net so maak mense God in hulle eie lewe 'n kragteloze en nuttelose god juis sodat hulle alles wat Hy is, kan kaap en gebruik soos hulle wil.

Jesaja wys dit met uiterse sarkasme uit! Mense maak vir hulle self 'n ystergod, 'n sterk en kragtige god, maar terwyl hulle hul ystergod maak, met sterk gespierde arms, raak hulle swak en moeg omdat hulle nie kos eet en water drink nie. Die kos en water wat God vir hulle gee! So! Wat se god maak kragtige mense wat swak en uitgeput raak, as hulle nie eet en drink wat God voorsien nie?

Mense wat swak word en uitgeput raak, maak kragteloze gode!

Mense maak vir hulle pragtige versierde houtgode! Van watter hout? Die hout wat God in bosse laat groei, hulle afkap om hulle mee warm te maak en mee vleis te braai en vat die nuttelose oorskiethout om 'n god te maak. Mense maak hul gode van alles wat vir hulle self te nutteloos is om self te gebruik!

Wat se gode is gode wat gemaak is uit alles wat vir mense nutteloos is? Dit is nuttelose gode!

Wat is verdraaide opvattinge?

Christus het gekom om ons uit ons goeie bedoelings met God te red.

Dit is mense wat kragtelose en nuttelose gode maak, omdat hulle God so kragteloos en nutteloos wil hê, dat hulle hom kan laat lyk soos hulle hom wil sien, dat hy hulle eiendom kan wees, hy vir hulle begeertes gebruik kan word en hulle hom kan kies as hulle god.

Hulle wil God minag as kragteloos en nutteloos en hierdie minagting vir God, wil hulle uitleef as hulle aanbidding en verheerliking van God! Dit is 'n verdraaide opvatting: om God te aanbid en te verheerlik as 'n kragtelose en nuttelose god wat jy kan sien en gebruik vir jou begeertes.

8. Maar hulle bedoel dit goed!

Is en kan dit waar wees?

Ons verdraai God se bedoeling om God te wees en ons bedoeling om vir God mens te wees, maar ons verdraai dit met goeie bedoelings?

Kan mens God se goeie bedoeling met mense verdraai met goeie bedoelings?

- God het ons gemaak om aan Hom te behoort, kan ons sy bedoeling verdraai en Hom ons eiendom maak, met goeie bedoelings?
- God het ons gemaak om dienaars te wees in sy diens en raadsplan, kan ons sy bedoeling verdraai en Hom die god maak wat ons begeertes moet dien, met goeie bedoelings?
- God het ons as mense gemaak om mens te wees in liefde, kan ons sy bedoeling verdraai en Hom die god maak wat soos ons lyk, met goeie bedoelings?

Mense verdraai nie God se bedoeling met goeie bedoelings nie. Hulle verdraai God se bedoelings met die minagting dat Hy met sy bedoelings 'n kragtelose en nuttelose God is. Hulle verdraai nie God se bedoelings met mense om God te eer en te verheerlik en as God te aanbid nie. Hulle verdraai sy bedoelings omdat hulle as kragteloos en nutteloos minag en alles vir hulle self opeis en kaap wat God is. Hulle verdraai sy bedoelings met die bedoeling om Hom die kragtelose en nuttelose god te laat wees, wat hulle glo Hy is! Hulle verdraai God se bedoelings met die boosheid dat Hy niks anders as 'n nuttelose en kragtelose afgod is nie.

Dit doen elke mens elke keer wanneer hy God se bedoeling met beelde verdraai: ek sal jy wys hoe kragteloos en nutteloos jy is in die manier waarop ek jou aanbid en verheerlik.

Christus het gekom om ons uit ons goeie bedoelings met God te red.

9. Mense maak vandag van die Here Jesus die nuttelose en kragteloze God wat hulle Hom voor minag, en vier hierdie minagting vir die Here Jesus as hulle aanbidding van God.

Dit is wat u in die volgende verklarings moet hoor, verdraaide opvattinge wat bedoel is om God te minag!

- Jy moet Jesus aanneem en God jou eie maak!
- Jy moet God uitbeeld in jou lewe sodat mense Jesus in jou kan raaksien!
- Jy moet jou lewe vir Jesus gee sodat Hy jou gelukkig, bly, gesond, ryk en vervuld kan maak!
- Jy moet Jesus koning maak en op die troon van jou hart sit.

Bedoel om die Here Jesus Christus te minag, is ons goeie bedoelings!

Dit is blindheid van afgodsdienste!

Kom ons luister weer na hoe blind mense se verdraaide opvattinge hulle maak vir wie God is en hoe God aanbid moet word: "Iemand wat hom met as besig hou, laat hom mislei deur sy eie verdraaide opvattinge. Hy kan homself nie red nie, hy vra homself nie af: "Is dit nie 'n leuen waarmee ek my besig hou nie?"

Omdat mense die bedoeling van wie God is en wie mense vir God is, verdraai kan hulle nie sien dat hulle met afgodsdienste besig is nie. Daardie man wat moeg word en uitgeput word omdat hy nie water drink of kos eet nie, kan werklik nie meer raaksien dat hy deur God versorg word met water uit reën en die vrugbaarheid wat God skep vir kos nie. Hy na nie sien dit is God wat Hom versorg nie. Hy glo dat hy God 'n kragtige ystergod maak, terwyl hy, die skepper van sy god, 'n kragteloze mens is.

Want as jy God joune maak, jou besitting, God wil uitbeeld om in jou raakgesien te word, God wil gebruik vir jou begeertes, God die een maak wat jy moet versorg en jy moet koning maak, magtig maak en teenwoordig moet maak in die wêreld, kan jy nie meer sien dat jou aanbidding en verheerliking van God is niks anders as minagting vir God nie.

Wanneer jy jou verdraaide bedoelings met God, glo as jou goeie bedoelings met God, kan jy nie meer sien dat jou verheerliking en aanbidding van jou god, niks anders is as minagting van God as Skepper en Here nie.

.

10. Daarom maak Jesaja hierdie aankondiging: mense kan nie hulle self red nie!

Ons mag nie hierdie verlorenheid van mense as 'n skuldprobleem sien nie. Dit is 'n vals om voor te hou dat mense verlore is omdat hulle skuldig is teenoor God. Dit is

Christus het gekom om ons uit ons goeie bedoelings met God te red.

hoe verlorenheid graag deur geestelikes voorgehou word: mense wat voel hulle is skuldig teenoor God en daarom van God wegvlug. Met hierdie valse beeld maak hulle asof redding is dat jy tot 'n ware skuldbesef moet kom en dat jy dan moet hoor dat God jou skuld weggevat het.

Kyk hoe beskryf Jesaja werklike verlorenheid vir God: "Hy kan homself nie red nie. Hy vra homself nie af: "Is dit nie 'n leuen waarmee ek my besig hou nie."

Verlorenheid is om God met jou aanbidding en verheerliking van God te minag as 'n nuttelose en kragteloze god – om God die God van jou goeie bedoelings te maak volgens jou verdraaide opvatting oor God.

- Verlorenheid is om Jesus aan te neem en God jou eie te maak, want om dit te doen is 'n verdraaide opvatting: God behoort nie aan jou nie, jy behoort aan God!
- Verlorenheid is om Jesus se goddelike lewe en krag met jou lewe vir ander mense uit te beeld en te wys, want om dit met Jesus te doen, is 'n verdraaide opvatting: God laat jou lyk en beeld jou uit soos Hy jou as mens wil laat lyk, nie jy vir God nie.
- Verlorenheid is om Jesus koning van jou hart en lewe te maak sodat Hy weer 'n koninkryk kan hê en sy koninkryk deur jou op aarde kan kom, want om dit met Jesus te doen, is 'n verdraaide opvatting: Hy het sy troon in die hemel gevestig en Hy laat sy koninkryk kom deur Hom as God, nie deur jou as mens nie.
- Verlorenheid is om met die goddelike krag en lewe van Jesus vervul te word sodat jy 'n goddelike lewe met die krag van God kan leef, want dit is 'n verdraaide bedoeling: God vervul jou met menslikheid om 'n liefdevolle mens te wees, nie 'n mens vol van goddelike lewe en krag nie.

11. Daarom moet ons met die Paastyd weer die werklike verlossing uit verlorendheid vir God ontdek.

Christus het gekom as die beeld van God om ons weer beeld van God te maak! Hy het nie gekom om 'n afgod te wees nie, 'n mens wat God se goddelike lewe en krag kom uitbeeld nie.

Hy het gekom om in ons plek die mens te wees wat God bedoel het mense moet wees: mense volkome en reg in menslike liefde vir God en hul naaste. Deur ons met Hom in sy menswees te verenig, herstel Christus die bedoeling wat God met mense het: ons behoort aan die Here, die Here behoort nie aan ons nie!

Christus het gekom om ons uit ons goeie bedoelings met God te red.

Christus het gekom sodat ons weer kan ontdek: ek oortree nie God se wet met goeie bedoelings nie. Ons goeie bedoelings met God, is verdraaide opvattinge – ons verdraai alles wat God met ons bedoel en ons maak vir ons 'n god volgens ons bedoeling met God op!

'n God wat ek met goeie bedoelings kan minag!

Wat anders is dit wanneer ons God nie in openbare eredienste wil aanbid nie, as Hy nie die God van ons begeertes, drome en wense is nie? Wat anders is dit as ek nie my kinders van God se liefde vertel en deur die kerk laat vertel nie? Wat anders is dit dat ek nie met God wandel nie, maar vir Hom 'n kerk gebou het waar ek waar ek Hom kan gaan besoek wanneer ek lus is vir Hom? Wat anders is dit as ek glo dat ek God moet verheerlik en aanbid om 'n kragtige God te wees?

Wat dink u is die werklike sonde probleem van die wêreld: hulle skuldigheid voor God of hierdie verstrengeldheid binne hulle sogenaamde goeie bedoelings met God: "Iemand wat ho met as besig hou, laat hom mislei deur sy eie verdraaide opvattinge, Hy kan homself nie, hy vra homself nie af: "Is dit nie 'n leuen waarmee ek my besig hou nie?"

Christus het gekom om sondaars met goeie bedoelings te red van hulle goeie bedoelings met God, sodat hulle die waarheid van God weer kan vind en hulle weer die leuen van hulle verdraaide bedoelings met God kan herken!

Christus het gekom om ons uit die leuen te red dat ons met goeie bedoelings sukkel met God se moeilike wette!